

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/11/19		DATUM 2018/11/16			+ - WEEK GELEDE 2018/11/12		+ - MAAND GELEDE 2018/10/22		+ - JAAR GELEDE 2017/11/20	
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	67.13	-0.16	-0.2%	67.29	-5.5%	71.00	-15.5%	79.49	7.8%	62.30	
US\$: ? ZAR	14.04	-0.180	-1.3%	14.22	-2.0%	14.33	-2.2%	14.36	0.1%	14.03	
ΔCBOT Mielies 8vm: 12nm*	R 2 015.24	-42	-2.0%	R 2 056.75	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag						
ΔCBOT Koring 8vm: 12nm*	R 2 612.42	-29	-1.1%	R 2 641.74	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag						
ΔCBOT Soja 8vm: 12nm*	R 4 602.70	-33	-0.7%	R 4 635.58	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag						
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)											
Mielies Des '18	364.60	-2.80	-0.8%	367.40	-1%	369.60	-1%	369.50	-6%	388.00	
Koring Des '18	506.40	0.80	0.2%	505.60	1%	502.00	0%	508.00	2%	494.50	
Sojabone Jan '19	892.20	5.00	0.6%	887.20	1%	883.25	2%	872.50	11%	1008.00	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))											
SORGHUM Mar '19	3650.00	0	0.0%	3650.00	-1.4%	3600.00	-1.4%	3600.00		NA	
WMAZ Nov '18	2396.00	-44	-1.8%	2440.00	-2.2%	2502.00	-0.5%	2383.00	19.1%	2012	
WMAZ Jul '19	2536.00	-44	-1.7%	2580.00	-2.0%	2642.00	-0.2%	2530.00	5.5%	2403	
YMAZ Nov '18	2420.00	-38	-1.5%	2458.00	-2.0%	2470.00	-1.0%	2395.00	14.7%	2110	
YMAZ Jul '19	2492.00	-33	-1.3%	2525.00	-2.1%	2545.00	-0.0%	2493.00	11.6%	2233	
SOY Nov '18	4595.00	0	0.0%	4595.00	0.0%	4596.00		NA	-8.8%	4825	
SOY Mei '19	4822.00	-13	-0.3%	4835.00	-0.1%	4816.00	-0.5%	4800.00	-3.3%	4989	
SUN Nov '18	5200.00	1	0.0%	5199.00	-0.4%	5180.00	-0.9%	5053.00	7.8%	4825	
SUN Mei '19	5050.00	-3	-0.1%	5053.00	-0.2%	5040.00	-0.3%	4935.00	1.2%	4989	
WHEAT Nov '18	4259.00	-12	-0.3%	4271.00	-1.7%	4331.00	-3.3%	4404.00	1.1%	4170	
WHEAT Des '18	4293.00	-12	-0.3%	4305.00	-1.9%	4376.00	-3.8%	4461.00	2.7%	4180	
OLIESADE (US\$/ton)	2018/11/16	Bron: Oilworld			2018/11/09	2017/11/13	2016/12/12				
Soya-oil, Arg.	637	-0.8%	642	-17%	769	-6%	676				
Soya-pell, Arg.	333	-0.9%	336	-2%	339	-10%	368				
Soybean, USA	378	-1.3%	373	-8%	410	-8%	410				
USA Runner 40/50	1250	0.0%	1250	-22%	1600	-4%	1300				
Sun-oil, Arg.	660	-0.0%	660	-13%	755	-18%	800				
Sun-oil, Black Sea	638	-1.5%	648	-15%	750	-15%	750				
Sunseed,Black Sea	340	-0.6%	342	-15%	400	-17%	409				
Rapeseed, EU cif	428	-0.9%	432	1%	425	7%	399				
Palmk oil Mal, EU	655	-2.2%	670	-55%	1470	-37%	1037				
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE											
<p>Sojabone: Die onlangse afwaartse aanpassing die Amerikaanse produksieverwagtinge vir die seisoen het daartoe bygedra dat die verwagte wêreld surplus sojabone vir die seisoen ook effens laer aangepas, alhoewel die 15 miljoen ton steeds groot surplus vlakke is. Die wêreld surplus word grootliks veroorsaak deur die groot hoeveelheid sojabone wat in die USA beskikbaar is aangesien die uitvoere vanaf die USA na ander wêreld bestemmings nie genoegsaam is om op te maak vir die laer uitvoere na China toe nie. Die verwerking van sojabone het ook drasties toegeneem in die USA, maar dit ook nie genoeg om van die groot surplus te ontslae te raak nie en stoorplek is selfs besig om 'n probleem te raak in sommige gedeeltes van die USA. Daar is wel weer hoop dat die USA en China weer met mekaar sal praat rakende die handelsoorkomste wat ondersteuning aan die mark kan bied indien die gunstig uitdraai. Die groot Amerikaanse uitvoerperiode na China is tot en met Februarie wanneer die nuwe Suid Amerikaanse voorraad in die mark kom. Dan sal China weer meer van daar af invoer eerder as Amerikaanse sojabone. Die verwagting in Suid Amerika is dat die produksie hierdie seisoen goed sal wees en dat die stroop van sojabone in Brasilië 2 tot 3 weke vroeër as normaal sal begin. Die weervoorsigte in die Suid Amerika sal 'n belangrike bepalende faktor in die internasionale sojaboonmark wees oor die volgende paar weke. In Argentinië is daar groot gedeeltes wat tans baie nat is as gevolg van oormaat reën wat daar voorgekom het en van die sojabone moes oorgeplant word. Die vooruitsigte vir die volgende twee weke lyk weer meer gunstig in hierdie gebiede. In Brasilië is daar ook gedeeltes waar dit tans baie nat is en dit laat vrese in die mark dat dit siektes sal veroorsaak op die sojabone. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik onder druk gekom nader aan die einde van die week om Vrydag laer af te sluit as waarteen die mark Maandag geopen het. Alhoewel die aanplantings in sommige gedeeltes van die land reeds redelik goed gevorder het is genoegsame vog 'n probleem en kan die aanplantings van sojabone nie optimaal voortgaan nie. Goeie reën is baie nodig oor die grootste gedeeltes van die somersaangebiede in die volgende twee weke.</p>											
<p>Sonneblomsaad: Die hoër as verwagte produksie van sonneblomsaad in die Swartsee streek lande sal veroorsaak dat die internasionale verwerking van sonneblomsaad hierdie seisoen toeneem tot en met 'n nuwe geskatte rekord van 46.9 miljoen ton. Dit is 2.3 miljoen ton meer as die vorige seisoen se verwerking van sonneblomme in die internasionale mark. Die wêreld uitvoere behoort egter hierdie seisoen laer te wees as wat aanvanklik verwag was. Dit is hoofsaaklik as gevolg van laer invoervraag in lande soos Pakistan en Rusland. Die groot verwerking van sonneblomsaad wat veral in die Swartsee gebied plaasvind, plaas ook die prys van sonneblommolie daar onder druk. Die Swartsee sonneblommolie prys is tot dusver gedurende November in 'n afwaartse prystendens en was onlangs teen die laagte vlak in 'n paar jaar verhandel. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die meeste sonneblomsaad word in die weste van die land geproduseer en in meeste van hierdie gebiede is daar oor die algemeen nog baie min somergewasse aangeplant vir die seisoen as gevolg van toestande wat nog te droog is. Die sonneblomsaad aanplantings vind normaalweg later as die ander gewasse plaas in hierdie gebiede.</p>											
<p>Kanola: In die internasionale mark se vooruitsigte vir die seisoen het die opwaartse aanpassing wat gemaak was in hierdie jaar se kanola en raapsaad produksie in die EU en die Oekraïne die afwaartse produksieverwagtinge in Australië oorskry. Die verwagting is ook dat die kanola produksie in Kanada hierdie seisoen weer 'n nuwe rekord sal bereik. Die totale wêreld produksie vir die seisoen behoort egter steeds effens laer te wees as verlede seisoen se produksie. Plaaslik: In die plaaslike mark word die kanola in die Weskaap gestroop. Daar was groot skade aan die produksie in die Weskaap as gevolg van die sterk winde en in sommige areas word die verliese tot soveel as 'n ton per hektaar gerapporteer.</p>											
<p>Grondbone: Die wêreld produksie van grondbone word teen 'n 3 jaar laagtepunt van ongeveer 29.4 miljoen ton geskat vir die seisoen. Dit is 7% laer as verlede seisoen se produksie. Die verwagting in die internasionale mark is dat die verwerking van grondbone vir grondboon olie en meel ongeveer 900 000 ton laer behoort te wees hierdie seisoen as die vorige seisoen. Die internasionale grondboonmark is die afgelope paar maande grootliks gekenmerk aan die tekorte van grondbone in Argentinië. Die groter hoeveelhede grondbone wat vanaf Brasilië en die USA verskep was het die verliese vanaf Argentinië slegs gedeeltelik opgemaak. Plaaslik: In die plaaslike grondboonmark is daar nog min grondbone vir die nuwe seisoen aangeplant. Die grondvog is nog baie laag wat die aanplantings daarvan bemoeilik.</p>											
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za											